5 Julie 2012

Suid-Afrika spog die eerste keer met ’n koeksister-kampioen!

Huletts Suiker en Innibos-fees in Nelspruit het vanjaar hande gevat om saam ’n koeksister-kampioen aan te wys. Vier finaliste is deur kospersoonlikheid, **Peter Veldsman**, en sy span sjefs aangewys uit die sowat 340 inskrywings wat ontvang is.
Die vier finaliste – **Gawie Pretorius** (eMalahleni), **Gerda Swanepoel** (Ermelo), **Simone van Meyeren** (Phalaborwa) en **Annatjie Marais** (Modimolle) moes elk 2 000 koeksisters bak waaraan bykans 2 000 Inniebos-feesgangers kon proe en stem vir die beste een, om sodoende die *Huletts Koeksister Kampioen 2012* aan te wys. Bo en behalwe ander pryse het die wenner weggestap met R50 000 kontant.
Gawie, wat verskeie ander beroepe beklee het voor hy voltyds begin koeksisters bak het, het op die ouderdom van 12 begin koeksisterdeeg uitrol en vleg saam met sy ma. Hy het in November 2011 voltyds begin koeksisters bak en doen dit nou 5 dae per week. Die 39-jarige Gawie lyk nie juis soos ’n mens jou ’n voltydse koeksisterbakker sou voorstel nie – lank en lenig met sy stylvolle leerbosveldhoed en kraakvars wit hemp lyk hy meer soos ’n hartebreker.
Oor die vier dae van die fees het bekendes soos **Jay**, **David Fourie**, **Arno Jordaan** en **Dowwe Dolla**, saam met VLU voorslag, **Sunette Barnard**, koeksisters op die Huletts verhoog gebak tot groot vermaak van die bykans 1 000 InnisBos-feesgangers wat elke dag die demonstrasies bygewoon het.
Die kompetisie was so suksesvol dat beplanning reeds begin het vir die *Huletts Koeksister Kampioen 2013*. Hou die webwerf dop vir verdere inligting by www.hulettskoeksister.co.za

5 July 2012

South Africa boasts a koeksister champion for the first time!

Huletts Sugar and Innibos Festival Nelspruit have this year joined hands in appointing a koeksister champion. Four finalists were nominated by the food personality **Peter Veldsman** and his team of chefs from roughly 340 entries received.
The four finalists – **Gawie Pretorius** (eMalahleni), **Gerda Swanepoel** (Ermelo), **Simone van Meyeren** (Phalaborwa) and **Annatjie Marais** (Modimolle) had to bake 2 000 koeksisters each which could be sampled by the almost 2 000 festival goers at the Innibos Festival who could then vote for the best one to be appointed the *Huletts Koeksister Champion 2012.* The winner walked away with a R50 000 cash prize along with other prizes.
Gawie, who held various other positions before he started baking koeksisters full-time, started rolling out and twisting koeksister dough with his mom at the age of 12. In November 2011 he set about baking koeksisters full-time, and now does it 5 days of the week. The 39-year old tall and lithe Gawie, with his stylish Bushveld hat and crisp white shirt strikes you more as a veritable heart-throb than a koeksister baker.
During the four days of the festival popular personalities like **Jay**, **David Fourie**, **Arno Jordaan** and **Dowwe Dolla** joined in with VLU member, **Sunette Barnard**, baking koeksisters on the Huletts stage to the great amusement of the 1 000 Innibos festival goers who daily attended the demonstrations.
The competition met with such great success, that planning is already underway for the *Huletts Koeksister Champion 2013*. Keep your eye on the website for more information at www.hulettskoeksister.co.za